



GESAMENTLIKE PERSVERKLARING

NASIONALE TESOURIE EN DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

RAKENDE DIE 12DE JAARLIKSE UITGawe VAN BELASTINGSTATISTIEKE

PRETORIA, VRYDAG 20 DESEMBER 2019

Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die 12de jaarlikse uitgawe van die belastingstatistieke uitgereik.

Die 2019 uitgawe verskaf 'n oorsig van belastinginkomste-invorderinge en belastingopgawe inligting vir die 2015 tot 2018 belastingjare, asook die 2014/15 tot 2018/19 fiskale jare.

Die 2018 tegniese resessie het gelei tot stadige groei in inkomste-invorderinge, wat uitgeloop het op 'n afwaartse hersiening van inkomste-teikens. Hoewel inkomste wat uit die belastingstelsel gegenereer word, in tandem beweeg met die ekonomie, was die groei in belastinginkomste gemiddeld hoër as die ekonomiese groei. Sleutelpunte in die 2019 uitgawe is:

- Die totale belastinginkomste ingevorder is R1 287.7 miljard, wat 'n jaar-op-jaar van R71.2 miljard (5.9%) groei is, hoofsaaklik gesteun deur persoonlike inkomstebelasting (PIB) wat met R30.9 miljard (6.7%) gegroei het.
 - Persoonlike inkomstebelasting (PIB) teen 38.3%, maatskappye inkomstebelasting (MIB) teen 16.6% en belasting op toegevoegde waarde (BTW) teen 25.2%, het in totaal die grootste bronre van belastinginkomste gebly en het nagenoeg 80.1% van totale belastinginkomste-invorderinge behels.
 - Nominale belastinginkomste het 'n saamgestelde jaarlikse groeikoers van 6.9% getoon vir die tydperk 2014/15 tot 2018/19. Die belasting-tot-BBP verhouding het effens gestyg van 25.5% in 2014/15 tot 26.2% in 2018/19 ('n styging van 0.65 persentasiepunte).
- In hoofstuk 2: PIB, geografiese en demografiese ontleding van die aanslae van die belastingpligtiges wat aanslaan is teen einde Augustus 2019, het interessante resultate gelewer:

- 2 680 449 (54.5%) van aangeslane belastingpligtiges was manlik; 2 236 580 (45.5%) was vroulik.
 - 1 342 511 (27.3%) van aangeslane belastingpligtiges was ouerdomme 35 tot 44; en
 - 1 976 674 (40.2%) van aangeslane belastingpligtiges was in Gauteng geregistreer, waarvan 636 460 in die Johannesburgse metro woonagtig was en op 'n gemiddelde belasbare inkomste van R446 838 belas is.
- Statistieke aangaande MIB in hoofstuk 3 toon dat 24.3% van die 814 151 maatskappye wat teen einde Augustus 2019 aangeslaan is vir belastingjaar 2017, 'n positiewe belasbare inkomste gehad het. 'n Verdere 48.3% het belasbare inkomste gelykstaande aan nul gehad en die oorblywende 27.4% het 'n aangeslane verlies getoon.
- Hoofstuk 4 toon dat 77.2% van aktiewe BTW-onder nemers in 2018/19 maatskappye of beslote korporasies was. Hulle het 92.3% tot binnelandse BTW-betalings bygedra en 90.4% van BTW-terugbetalings uitgemaak. Alhoewel individue (alleeneienaars) 17.3% van BTW-onder nemers uitgemaak het, het hulle 3.0% van binnelandse BTW-betalings uitgemaak en 1.3% van BTW-terugbetalings ontvang.
- Soos uiteengesit in hoofstuk 5, het invoer-BTW en doeaneheffings hoër groeikoerse getoon in 2018/19 vergeleke 2017/18. Dit het 13.6% en 4.3% afsonderlik van die jaar se totale belastinginkomste uitgemaak, wat 'n groottotaal van 17.9% tot gevolg het, wat inlyn is met die gemiddeld oor die voorafgaande vyf jaar. Die aandeel van hierdie belastings tot BBP het tot 4.7% gestyg van die voorafgaande vyf-jaar gemiddeld van 4.6%, met invoer-BTW wat 3.6% uitgemaak het en doeaneheffings wat 1.1% van 2018/19 uitgemaak het.
 - Invoer-BTW van die top 3 bydraende ekonomiese sektore het 87.8% van die totaal bygedra, naamlik die groot- en kleinhandel, spyseniering- en akkommodasiesektor (tersiêre) teen 40.0%, gevolg deur vervaardiging (sekondêre) teen 30.1% en finansiële bemiddeling, versekerings, eiendom- en sakedienste (tersiêre) teen 17.7%.
 - Die algehele effektiewe doeane-heffingskoers in 2018/19 was 3.1% vergeleke die vorige jaar se 3.2%. Sleutel-kommoditeite met die hoogste effektiewe heffingskoerse was skoeisel en bykomstighede teen 24.4%; huide, velle en leer teen 19.4%; tekstiele en klerasie teen 15.8%; voedsel, drank en tabak teen 11.4%; asook voertuie, vliegtuie en skepe teen 7.6%.
- Ten slotte, verskaf hoofstuk 6: ander belastings en invorderings, inligting oor belastings soos kapitaalwinsbelasting (KWB), hereregte, minerale- en petroleumhulpbronnes-tantième (MPRR), Suider-Afrikaanse Doeane Unie (SACU)

betalings en dieselterugbetalings. In 2018/19, is kapitaalwinsbelasting (KWB) van R17.9 miljard ingevorder waarvan R9.5 miljard aan individue en trusts toeskryfbaar was en R8.3 miljard aan maatskappye. Dit toon 'n effense styging van R249 miljard (1.4%) op die R17.6 miljard wat in 2017/18 ingevorder is. 'n Somtotaal van R142.6 miljard is ingevorder sedert die bekendstelling van KWB in Oktober 2001.

Die 2019 belastingstatistieke-dokumente is beskikbaar op SARS en Nasionale Tesourie se webtuistes by www.sars.gov.za en www.treasury.gov.za.

SARS en Nasionale Tesourie verwelkom die publiek se kommentaar en voorstelle, sodat ons voortdurend die vrystelling se bruikbaarheid ten opsigte van beleid-evaluering kan verbeter, en nuwe insigte kan ontwikkel na Suid-Afrika se sosiale en ekonomiese konteks. Dit kan per e-pos gestuur word aan taxstatistics@sars.gov.za.

Om die blad in ander tale te besigtig, klik op die skakels hieronder:

- [IsiZulu](#)
- [Sesotho](#)
- [Afrikaans](#)
- [Sepedi](#)
- [Xitsonga](#)

EINDE